

## Ons het 'n groot Hoëpriester

**Heb 4:14-16**

**24 April 2022**

1. Die Seun is die Apostel (Heb 3:1-4:13) en Hoëpriester (Heb 4:14-10) van ons geloof
2. Heb 3-4:
  - a. 4 Oproepe: Heb 3:1 – Let noukeurig op Jesus, Heb 3:13 – Spoor mekaar aan solank daar nog 'n vandag is, Heb 4:1 – Vrees dat julle nie agterbly nie, Heb 4:11 – Beywer julle om in die rus in te gaan
  - b. Vashou aan die geloof: Heb 3:6, 3:14, 4:14
3. Die Seun as groot Hoëpriester (Heb 4:14)
  - a. Seun is tussenganger tussen gelowige en God – bewerk versoening vir sonde
  - b. Vorige verwysings na die Seun as Hoëpriester: Heb 1:3, 2:17, 3:1
  - c. Heb 2:10-18: Eenheid tussen die Seun en die gelowiges, met die Seun as Leidsman
  - d. Vers 14: Beskrywings van die Seun as Hoëpriester
    - i. Groot – groter as Aäron
    - ii. Jesus – Naam van die Seun as mens (Mat 1:21)
    - iii. Seun van God – straal die heerlikheid van God uit, ewebeeld van God se wese (Heb 1:3)
    - iv. Het deur die hemel gegaan – het gaan sit aan God se regterhand (Heb 1:3)
  - e. Hou vas aan geloof in hierdie Hoëpriester (Rom 3:21-26)
4. Simpatieke Hoëpriester (Heb 4:15)
  - a. Die Seun as Hoëpriester vergeet nie die gelowiges nie, want:
    - i. Hy het medelye met hulle swakhede – ken dit uit Sy werk as Skepper, en uit persoonlike ervaring as mens op aarde
    - ii. Hy het medelye met die versoekings wat hulle moet hanteer – Hy het dit self ook ervaar as mens op aarde
      - Hy het egter nie gesondig nie – het begeertes in die versoekinge suksesvol weerstaan (vgl proses van sonde – Jak 1)
    - iii. Hy is een met gelowiges, Hy is hulle Leidsman (Heb 2:10-18)
5. Gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon (Heb 4:16)
  - a. Die Seun is saam met die Vader op die troon (Heb 1:3, Op 3:21)
  - b. God se troon is majestueus (Op 4-5)
    - i. Die Seun/Lam is waardig om seëls oop te maak – Hy is in beheer van alles (vgl Heb 1:3)
    - c. Genadetroon: Seun is in beheer van alles – dus sit Hy op die troon; Seun het medelye met gelowiges – dus betoon Hy genade
    - d. Nader genadetroon in gebed
    - e. Nader met vrymoedigheid
      - i. Met respek, ontsag, eerlikheid, openheid, integriteit
      - ii. Nie selfvoldaan, vrypostig, onnadenkend, ligsinnig, vermakerig, voorskriftelik nie
  - f. Vra vir:
    - i. Barmhartigheid vir elke verkeerde optrede
    - ii. Genade vir elke situasie in die toekoms - wag vir God se tyd
6. Dus twee genademiddele beskikbaar: (1) Lewende, kragtige, skerp Woord (2) Vrymoedige nadering tot genadetroon in gebed